

Die Wraak van die Lam

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: Eng/Afr. B170b

Skriflesing uit: 11 Thess. 1: 2

Kernvers: 9 – ‘Hulle sal as straf ondergaan, ‘n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van Sy sterkte.’

Ons dank die Here vir die groot liefde en genade van God wat Hy aan ons bewys het deur Sy Seun Jesus Christus wie vir ons kom sterf het aan die kruis. Daar sal egter ‘n dag kom wanneer hierdie genadetyd verby sal wees; wanneer die Lam sal kom om wraak te oefen oor almal wat Hom ongehoorsaam was.

U weet geliefdes, wanneer u teenoor ‘n tiran te staan kom, dan is daar nog altyd die hoop dat iemand u te hulp sal kom en dat hy verslaan sal word. Maar wanneer dié Een wat help, die Almagtige is wat genadig is, die gordyn toetrek en die deur gesluit het en sê: nou is daar geen genadetyd meer oor nie – wie sal jou dan help? Dan is dit verby....

Die wêreld daarbuite lyk asof hulle dink dat daar nooit so ‘n dag sal kom nie, maar die ganse Skrif praat van so ‘n dag! Daarom moet ons dit in die oë kyk!

Tog het die Here ons nie bestem vir wraak nie; Hy het ons bestem om verlos te word want God het nie behae in die dood van ‘n sondaar nie maar daarin dat hy hom sal bekeer en lewe! Vandag is die dag van saligheid - maar daar is ‘n dag wat die Here gaan sê: So ver en nie verder nie!

Ek sou skuldig wees voor God as ek nie die werklikheid aan u voorlê nie. Adam en Eva het so ‘n wonderlike toekoms voor hulle gehad; hulle het met God gewandel en Hom gesien in die tuin van Eeden. God het hulle egter gewaarsku dat as hulle ongehoorsaam was sou hulle sterwe....